SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# HELPENDE HAND WITBANK-TAK SAAM MET HTS WITBANK KLANK EN MOTORSKOU 7 SEPTEMBER 2024

Solidariteit Helpende Hand Witbank-tak bied aan ‘n Motor- en Klankskou met allerlei stalletjies en motors wat uitgestal gaan word. Graag nooi ons u om deel te vorm van hierdie dag en om die verrigtinge saam met ons mee te maak, ter fondswerwing en bewusmaking vir die Witbank-tak.
Die klank-en motorskou vind plaas te **HTS Witbank** en toegang vir skougangers beloop R10 per persoon. Skoumotors se koste beloop R150 per motor (besprekings word gemaak by Carmen) en enige motors is welkom. Die stalletjiekoste beloop R250 per stalletjie sonder krag en R300 per stalletjie met krag.

**DIE PROSES (stalletjies en motor-en klankskou):**
Inskrywings vir die Motor en Klankskou is reeds oop, hierdie sluit in die stalletjies wat die dag daar gaan wees sowel as die motors wat uitgestal gaan word.

**UITSTALLERS KRITERIA: (stalletjies)**

- Produk oorspronklikheid
- Slegs een produk, eie in sy soort word uitgestal op die dag by die stalletjies
- Kwaliteit van die produk uitgestal is baie belangrik
- Klein besighede is welkom om oorspronklike produkte uit te stal
- Bestellings kan geneem word op die dag om verdere besigheid te verseker en aan te moedig
- Kontak gerus vir Melissa Nel: 072 660 7345 vir besprekings van stalletjies

**UITSTALLERS KRITERIA: (Motors en Klank)**

- Motorhandelaars word genader om voertuie, eie in hul soort uit te stal
- Privaat uitstallers is ook welkom om uit te stal teen bogenoemde tarief
- Kontak vir Carmen: 066 265 5334 vir besprekings rakend motor- en klankuitstallings

| Stalletjie kategorie | Produk |
|---|---|
| Gesigprodukte | |
| Badprodukte | |
| Dekor | |
| Kunswerk (handgemaak) | |
| Houtprodukte (handgemaak) | |
| Kinderspeelgoed | |
| Vars produkte | |
| Opvoedkundige produkte | |
| Verversings | Koeldrank/water |

**BESPREKINGS EN REëLS (stalletjies sowel as motor- en klankskou)**

- Die volle bedrag is betaalbaar voor of op 1 September 2024.
- Die bespreking van die stalletjie is slegs bevestig wanneer die bedrag ten volle vereffen is.
- Die kostes van die stalletjie/motor- en klankskou is nie terugbetaalbaar.
- Solidariteit Helpende Hand kan nie verantwoordelik gehou word vir enige beskadiging of verlies aan eiendom nie.
- Elke uitstaller hierby betrokke is ten volle verantwoordelik vir produk of motor hier uitgestal. Solidariteit Helpende Hand aanvaar geen verantwoordelikheid vir skade aangerig, hetsy deur uitstallers, skougangers, kinders of deur enige ander persoon nie.
- Daar word gedetaileerde inligting verlang ten opsigte van stalletjies en die inhoud aangebied.
- Geen produkte mag kopiereg skend nie.
- Dit is elke stalletjie eienaar se verantwoordelikheid om die spasie aan hom/haar toegeken, skoon en netjies te hou ten tye van die skou.

Die stalletjie kan vanaf 06:00 op 7 September opgeslaan word en gefinaliseer wees teen 07:00. Alle voertuie wat nie deel is van die uitstalling nie, moet teen 08:00 van die veld verwyder wees.
Motors op skou moet teen 07:00 gereed en afgehandel wees.
Ontruiming van stalletjies en voertuie kan slegs geskied vanaf 17:00.
Versekering, verlies en publieke aanspreeklikheid sal die verantwoordelikheid van die stalletjie eienaar, sowel as voertuigeienaar wees.

**TOESTEMMING EN VRYWARING**

Ek, volle name en van _____________________________ dra volle kennis van Solidariteit Helpende Hand se projek soos bo uiteengesit. Ek vrywaar hiermee Solidariteit Helpende Hand van enige eise wat uit die bywoning van hierdie projek mag ontstaan.

Solidariteit Helpende Hand sal dus nie verantwoordelik gehou word of versekering bied vir enige verlies, beskadiging van eiendom of enige beskadiging aangerig by stalletjies nie.

Solidariteit Helpende Hand word dus nie verantwoordelik gehou, en bied nie versekering vir enige beskadiging aan inhoud, toerusting of beskadiging van voertuie, diefstal van voertuie, persoonlike items deur skougangers of ander persone hier teenwoordig nie.

Hierdie vrywaringsklousule sal beheer word deur en uitgelê word in ooreenstemming met die wet van die Republiek van Suid-Afrika. Enige geskil wat ontstaan uit of in verband met hierdie vrywaringsklousule sal onderhewig wees aan die uitsluitlike jurisdiksie van die howe van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Gauteng Afdeling.

Deur hieronder te teken, bevestig ek dat ek al die terme en voorwaardes wat in hierdie vrywaringsvorm uiteengesit is, gelees het, verstaan, en daarmee saamstem.

**Fotografie Vrywaring**: Ek verleen toestemming vir foto's en/of video's wat tydens die geleentheid geneem is, om deur die organiseerders gebruik te word vir promosiedoeleindes, insluitend maar nie beperk tot sosiale media, webwerwe, en gedrukte materiaal.

| ____________________________ | __________ | ___________________________________ |
| --- | --- | --- |
| **Aansoeker handtekening** | **Datum** | **Goedgekeur deur komitee**<br>**Melissa Nel / Annemarie van Heerden** |

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND WITBANK TAK